DSGN

ISEBE LEMFUNDO LEMPUMA KOLONI
EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT
OOS-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

IIMVIWO ZEBANGA LESHUMI ELINANYE
GRADE 11 EXAMINATIONS
GRAAD 11-EKSAMEN

# NOVEMBER 2008

# ONTWERP – TWEEDE VRAESTEL (PRAKTIESE)

| | | |
|---|---|---|
| **IXESHA: 18 iiyure** | **TIME: 18 hours** | **TYD: 18 uur** |
| **AMANQAKU: 100** | **MARKS: 100** | **PUNTE: 100** |

*Skryf op die voorblad van jou antwoordeboek, na die woord, "Vak"*
**ONTWERP – TWEEDE VRAESTEL (PRAKTIESE)**

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

**INSTRUKSIES AAN DIE OPVOEDER**

1. Hierdie praktiese vraestel moet op die laaste Maandag van die 3de kwartaal aan die leerders gegee word.

2. Leerders kan hulle LU1 (voorbereiding) tydens die vakansie doen.

3. Daar moet met die praktiese produk (LU2) op die 1ste dag van die 4de kwartaal begin word. Dit moet onder toesig van die onderwyser geskied omdat dit ŉ eksterne praktiese eksamenvraestel is.

4. Die voorleggingsdatum vir moderering en assessering van PAT's 1, 3 en 5 en die praktiese eksamen is 12:00, op die Maandag van die week voordat die geskrewe eksamen begin, by die skool se hooftoesighouer of eksamenopsiener.

5. Skole sal deur die provinsie in kennis gestel word met betrekking tot datum, tyd en plek vir die voorlegging van werk aan eksamensentrums vir eksterne moderering.

**Hierdie praktiese eksamen betaan uit EEN vraestel.**
**Hierdie vraestel betaan uit TWEE dele, die werkboek/bronboek (LU1) en die finale praktiese eksamenproduk (LU2).**

**LU1: DIE ONTWERPSPROSES (WERKBOEK/BRONBOEK) A3 GROOTTE (50 PUNTE)**
**LU2: ONTWERPSPRODUK (50 PUNTE)**

**ALGEMENE INLIGTING: OOP FINALE PRAKTIESE EKSAMEN**

1. PAT's 1, 3 en 5, saam met hulle assesseringstate, moet aan die eksamennasiensentrum voorgelê en daar uitgestal word.

2. Die praktiese jaarwerkprodukte (PAT's 1, 3 en 5) is VERPLIGTEND en slegs kandidate wat in staat is om aan hierdie vereistes te voldoen, mag die eksamen vir hierdie vak aflê.

3. Geen punte sal vir hierdie gedeelte van die eksamen toegeken word aan kandidate wat nie PAT's 1, 3 en 5 voorlê nie.

4. PATs 1, 3 en 5 en die finale eksamen praktiese produk (LU2) moet professioneel as ŉ uitstalling by die nasiensentrum aangebied word. Dit moet in chronologiese volgorde wees met die onderskeie assesseringstate langs elke PAT. Die kandidaat se eksamennommer moet op elke praktiese produk (voor, regs en onder) voorkom, asook op die finale praktiese produk (LU2).

5. Die finale eksamen praktiese proses (LU2) moet in ŉ werkboek-/bronboekformaat in albumvorm aangebied word. Los bladsye wat slordig aangebied is, sal NIE geassesseer word NIE.

6. Besonderhede van hoe die werkboek/bronboek benader moet word, kan in die Ontwerp-Leerprogramriglyne en die Vakassesseringsriglyn gevind word.

**INTRUKSIES AAN DIE KANDIDAAT:**

**Reageer op die volgende opdrag:**

**OPDRAG/ONDERWERP: Samesmelting ('Fusion')**

Skep 'n produk wat die invloed toon van beide een Afrika of Suid-Afrikaanse tradisionele kunsvlyt (bv. Xhosa kralewerk, Zoeloe keramiekware of mandjie-werk, Nigeriese tekstiele) en een vroeë internasionale ontwerpsbeweging (bv. Kuns en Kunsvlyt, Art Nouveau, Art Deco of Bauhaus)

Integreer of verenig spesiaal verkose kwaliteite van elke styl om 'n nuwe, kontemporêre, funksionele produk in jou ontwerpdissipline te skep.

Produseer funksionele ontwerpe volgens die raamwerk wat hieronder gegee word:

**LEERUITKOMS 1: ONTWERPSPROSES**

**Vereistes:**

Alle voorbereidende werk, wat die proses van konseptualisasie tot realisering behels, moet gedokumenteer word. Stelselmatige ondersoek van probleme wat deur die opdrag/onderwerp opgelewer, moet getoon word.

Die ontwerpsproses moet in 'n A3-werkboek-/-bronboek formaat (± 30 cm x 40 cm) gedoen word.

- Die werkboek/bronboek moet in albumformaat aangebied word (dit is in boekvorm).
- Dit moet maklik oopmaak en bladsye hê wat maklik omblaai.
- Die werkboek/bronboek moet van ligte karton of papier gemaak wees.
- Geen venstermontering, plastiekoortreksels of asetaat mag gebruik word nie.
- Alle werk wat kleiner/groter as die grootte van die werkboek/bronboek is, moet op die A3-grootte bladsye van die werkboek/bronboek vasgegom word.
- Maak seker dat die werkboek professioneel aangebied word.

**Kriteria:**

Jou werk sal volgens die volgende kriteria gemerk word:

- Bewys van navorsing en eksperimentering.
- Bewys van vrugbare idees (byvoorbeeld duimnaelsketse/pen-sketse) en van ontwikkelingskonsepte.
- Sensitiewe gebruik van die elemente en beginsels van ontwerp.
- Bewys van tonale tekening(e) verwant aan die finale konsep (1 x A3 of 2 x A4)
- Self-evaluering van die proses.

**LET WEL:**

- Omdat LU1 dieselfde gewigstoekenning as LU2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daarvoor gegee word sodat die belangrikheid erken sal word.
- Die opvoerder kan by die voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees.
- Die leerder mag tuis werk.
- Vir verdere instruksies verwys na die Leerprogramriglyne (PLR). **[50]**

**LEERUITKOMS 2: FINALE ONTWERPSPRODUK**

Jou funksionele ontwerp moet jou eie keuse wees, gekies uit enige EEN ontwerpkategorie soos in die *LPR-kategorieë/dissiplines* genoem.

**Vereistes:**

Twee-dimensionele ontwerp moet moet verkieslik A3-grootte wees, maar NIE groter as A2 nie.

Die grootte van drie-dimensionele ontwerpe sal afhang van die funksie van die voorwerp wat gemaak word. Hou in gedagte dat die finale produk dalk na 'n sentrale nasiensentrum vervoer sal moet word. Voorwerpe moet professioneel aangebied word.

**Kriteria:**

Jou werk sal volgens die volgende kriteria geevalueer word.

- Sensitiewe gebruik van elemente en beginsels van ontwerp
- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Tegniek en vakmanskap
- Bewys van ontwerpsbetrokkenheid, insluitende bewys van ten minste 18 uur se werk
- Professionele aanbieding

**LET WEL:**

- Die opvoerder mag glad NIE die kandidaat op ENIGE wyse tydens die finale produksie van die ontwerp help NIE.
- Alle werk moet onder toesig van die onderwyser plaasvind.
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat sal streng gepenaliseer word.
- Eksamenopsies: Werk moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd of tydens drie aaneenlopende dae van ses uur elk plaasvind. Jou keuse van eksamenopsie moet met jou skool onderhandel word.

**[50]**

**TOTAAL: 100**